



Vak: Graad 5 Natuurwetenskappe

Onderwerp: Natuurwetenskappe: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 105 Punte

1. B: kook en soutkristalle sal agtergelaat word.

4 punte

Verduideliking:

Die hitte veroorsaak dat die water fase verander van 'n vloeistof na 'n gas om dan net die soutkristalle agter te laat.

2. D: maag

4 punte

Verduideliking:

Die ma kan maklik wegbeweeg van die gevaar af as die baba aan haar vasklou.

3. gelatine | gelatien | jelatien | jelatine

3 punte

Verduideliking:

Jellie is 'n mengsel van **suiker**, **kunsmatige geurmiddels** en **gelatien**. Die gelatien, 'n wit poeier, veroorsaak dat die jellie stol.

4. water

3 punte

Verduideliking:

Die ontbrekende bestanddeel is **water**. Sonder water sal jy nie die ander bestandele kan kombineer nie.

5. vibrasies | vibrasie

3 punte

Verduideliking:

Wanneer 'n geluid gemaak word, beweeg die lug. Dit veroorsaak dat vibrasies tot in jou oor trek.

6. oorloop | ruimte | saamgepers

6 punte

Verduideliking:

As 'n kompressiekrag op 'n vloeistof uitgeoefen word, sal die vloeistof oorloop of in 'n ander ruimte inbeweeg, byvoorbeeld water van 'n spuit. As die vloeistof in 'n verseëelde houer is, kan die vloeistof nie saampers nie, soos byvoorbeeld 'n verseëelde koeldrankblik.

7. waar

2 punte

Verduideliking:

Lug is materie, want dit kan die ruimte in 'n ballon vul.



8. B: Hond

4 punte

Verduideliking:

'n Hond se skelet is binne-in sy liggaam. Honde het ook 'n ruggraat. Daarom is hulle werweldiere.

9. voetganger | vervelling

4 punte

Verduideliking:

Wanneer die voetganger sy ou vel afskud, het dit 'n sagte vel daaronder. Dit laat die voetganger toe om 'n bietjie verder te groei.

10. knaagdiere | knaagdier

3 punte

Verduideliking:

Knaagdiere het hare, sorg vir hul kleintjies en het ook spesiaal aangepaste voortande waarmee hulle dele van plante bv. bas, kan afkou.

11. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Ons kan nie kragte sien nie, maar ons kan die effek van hulle om ons sien.

12. spier | spiere

3 punte

Verduideliking:

Spiere is aan die bene in die liggaam geheg. Die spiere en gewrigte maak beweging moontlik. Spiere voorsien die krag wat vir beweging benodig word.

13. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Daar is drie gewrigte wat loop en hardloop moontlik maak - die heupgewrig, die enkelgewrig en die kniegewrig. Sonder hierdie gewrigte sou jy nie jou bene kon buig of voorentoe en agtertoe beweeg nie. Jy sou ook nie jou voete kon beweeg nie.

14. waar

2 punte

Verduideliking:

Wanneer materiale verwerk of gekombineer word, verskil die eienskappe van die nuwe materiale wat gevorm is van die eienskappe van die oorspronklik materiale wat gebruik is.

Nuwe materiale wat gemaak word, word vir nuwe doeleindes gebruik.



15. werwelkolom | werwels

4 punte

Verduideliking:

Die bladbene is aan die sleutelbeen verbind.

Die ruggraat, of werwelkolom, is die bene wat jy kan voel as jy jou vinger by die middel van jou rug afbeweeg. Elkeen van die knoppies wat jy voel is 'n werwel, een van die beentjies wat die ruggraat vorm.

16. vloeistof | verloor

4 punte

Verduideliking:

Die gasdeeltjies verloor energie en verander van fase om 'n vloeistof te vorm.

17. kompressie

3 punte

Verduideliking:

Kompressie is wanneer 'n materiaal saamgepers word.

18. bakoond | droogoond | kiln | vuuroond | smeltoond

3 punte

Verduideliking:

Die bakoond se temperatuur kan hoër as 600 grade Celsius verhit.

19. rigtings | maniere

3 punte

Verduideliking:

Wanneer jy 'n stuk papier skeur of materiaal sny met 'n skêr pas jy 'n skuifkrag toe, want twee kragte is toegepas in teenoorgestelde rigtings.

20. waar

2 punte

Verduideliking:

As miere kos kry, stel hulle feromone vry terwyl hulle op pad terug na die nes toe is. Die ander miere volg dan die reuk van die feromoon na die bron van kos.

21. amfibie | amfibieë | amfibië | amfibiee

3 punte

Verduideliking:

Paddas is gewerwelde diere wat op beide land en water kan leef.

22. volwassene | volwasse | volwasse muskiet | volwassene muskiet

3 punte

Verduideliking:

Die volwassene moet op die wateroppervlak rus om sy vlerke te laat droog word en sy liggaam te laat hard word voordat dit wegvlieg.



23. A: volwasse muskiet	4 punte
Verduideliking: VROULIKE muskiete moet bloed hê om hul eiers te produseer. Hulle kry die bloed van diere of mense wat hulle in hul habitat kry.	
24. larwe papie water	6 punte
Verduideliking: Die verskillende stadia van die lewensiklus is deel van 'n volledige metamorfose.	
25. eiers	3 punte
Verduideliking: Muskiete lê baiekeer hul eiers in dammetjies in agterplase, of in voëlbadjies, emmers of enige ander houer waarin daar water is.	
26. D: skuifkrag	4 punte
Verduideliking: Skuifkrag is wanneer twee kragte in teenoorgestelde rigtings werk. Gereedskap waar twee dele in teenoorgestelde rigtings werk, soos 'n skêr, gebruik skuifkragte.	
27. kalksteen klei water	6 punte
Verduideliking: Sement word gemaak van klei en nie growwe sand nie, aangesien die klei uit fyner deeltjies bestaan . Dit verseker dat die sement glad is.	
28. bene bene gewigte	6 punte
Verduideliking: Alle gewerwelde diere het 'n endoskelet van been en kraakbeen.	
29. onwaar	2 punte
Verduideliking: Die koei, skaap en kameelperd is hoëdiere en hulle vreet almal plantegroei.	
30. C: hare	4 punte
Verduideliking: Alle soogdiere het hare.	

Totaal: 105 Punte